

Noodroete vir indiening van assesserings en jongste inligting

Beste studente

Ons het verdere mylpale op ons onvoorspelbare reis ter voltooiing van die 2020-akademiese jaar bereik. Die eerste assesseringsgeleentheid van hierdie semester eindig vandag (26 Junie 2020), met die tweede wat môre (27 Junie 2020) begin. Ons het ook die afgelope 24 uur uitnodigings gestuur aan die 33% van ons studenteliggaam wat na die kampus moet terugkeer vir noodsaaklike akademiese werk. Die Registrateur se kantoor het persoonlik uitnodigings gestuur en kommunikasie van die onderskeie fakulteite sal volg.

Let asb op die volgende belangrike sake.

Noodroete vir indiening van assesserings in geval van tegniese probleme met SUNLearn

Om studente verder te help met die oplaai van assesserings, is fakulteit-spesifieke e-posadresse geskep om aan studente 'n **noodroete** vir indiening tydens formele assesseringsgeleenthede te bied indien hulle **tegniese probleme met die oplaai van hul dokumente op SUNLearn** sou ondervind. Hierdie indiening per e-pos moet steeds binne die 30 minute wat toegelaat word vir oplaai of binne jou toegekende vraesteltyd, geskied indien dit nodig is om 'n dokument op te laai as deel van jou vraestel. Hierdie e-posadres sal aan die begin van A3 op 27 Junie 2020 in werking tree. Jy sal **NIE** hierdie e-pos kan gebruik vir indiening weens **tegniese probleme wat nie met SUNLearn verband hou nie**. Jy sal (of het reeds) 'n skrywe van jou fakulteit rakende die e-posadres ontvang.

Let asb daarop dat hierdie e-posadres nie gebruik kan word om algemene tegniese probleme op te los nie. Indien jy tegniese bystand benodig, moet jy asb met die SUNLearn-hulptoonbank (021 808 2222) in verbinding tree of meld 'n versoek om bystand aan by learnhelp.sun.ac.za.

Indien jy probleme ondervind om 'n dokument op SUNLearn op te laai gedurende 'n formele assesseringsgeleentheid, moet jy asb die dokument na die e-posadres stuur wat deur jou fakulteit verskaf is. Die volgende inligting **moet** by jou e-pos ingesluit word – indien jy nie hierdie inligting insluit nie, sal jou indiening ongeldig wees en NIE namens jou op SUNLearn opgelaaai word nie:

- E-posonderwerpreël: studentenommer, naam van module en inligting oor assesseringsgeleentheid (bv 12345678 Ekonomie 111 A3).
- Die dokument wat jy wil indien, moet by die e-pos aangeheg word. Verseker dat dit die finale weergawe van die dokument in die **korrekte formaat is en dat bladsye in die regte volgorde is** soos deur die dosent vereis. Die inhoud van die dokument sal nie nagegaan word om te verseker dat dit korrek is nie en die dokument sal opgelaaai word met die veronderstelling dat dit voldoen aan die ander riglyne wat hier uiteengesit word

- Die volgende inligting moet in die e-pos self voorsien word:
 1. Die naam van die module (bv Bedryfsielkunde 114)
 2. Jou studentenommer (bv 12345678)
 3. Detail oor die assesseringsgeleentheid (bv A3)
 4. Die rede waarom die dokumente nie via SUNLearn ingedien kan word nie. Jy moet 'n **duidelike verduideliking** verskaf wat die aard van jou SUNLearn-probleem uiteensit.
 5. **Heg bewyse** soos skermskote of foto's aan van die fout wat jy ondervind het toe jy onsuksesvol was in jou poging om jou dokument op SUNLearn op te laai.
- Die dokument sal net namens jou op SUNLearn gelaai word indien dit **voor die afsnydatum/-tyd van die assessering** ontvang word volgens die tyd wat deur die ontvangsrekenaar bepaal sal word, en nie soos aangedui op die sender se rekenaar nie. Geen laatindiening sal aanvaar word ná die 30 minute indieningstyd verstryk het nie.

Nadat jy die e-pos gestuur het, sal jy 'n outomatiese antwoord van die fakulteit se e-posadres ontvang om ontvangs te bevestig. Daarna sal jy binne twee werksdae 'n e-pos ontvang om jou in kennis te stel dat jou dokument op SUNLearn opgelaa is, al dan nie (met die redes indien dit nie opgelaa is nie).

Let asb op die volgende:

- Jou indiening sal NIE oorweeg word indien dit nie voor die afsnytyd/-datum ontvang is nie. Daarom is dit uiters belangrik om die 30 minute wat vir oplaai toegelaat word, te gebruik om jou dokumente te probeer indien.
- Die bykomende tyd vir oplaai is NIE bykomende skryftyd nie! Begin met die oplaai op SUNLearn sodra jou skryftyd verstreke is om te verseker dat jy die afsnytyd haal. Die SUNLearn-toegangslog kan gebruik word om te bepaal of jy wel gedurende die toegelate tyd vir oplaai probeer het om 'n dokument op SUNLearn op te laai. Jou individuele aktiwiteite word alles op SUNLearn vasgelê.
- Daar sal geen opvolg-korrespondensie gevoer word nie indien daar ontbrekende bewyse of onvoldoende inligting is of indien die dokument korrup is. Dit sal outomaties daartoe lei dat die assessering nie namens jou op SUNLearn opgelaa word nie.
- Indien meer as een e-pos ontvang word nadat tegniese probleme met SUNLearn ondervind is, sal net die laaste e-pos gelees word. Veelvuldige e-posse en/of dokumente sal nie gekonsolideer word nie en die vorige indienings sal geïgnoreer word.
- Indien 'n dokument reeds op SUNLearn opgelaa is EN die assessering word per e-pos gestuur, sal die dokumente wat via SUNLearn opgelaa is, aanvaar word aangesien daar dan geen tegniese probleme was nie. Moet dus asb NIE die e-pos stuur indien jou indiening via SUNLearn suksesvol was nie.

Die verantwoordelikheid rus vierkantig op elke student om te verseker dat hulle die assessering binne die toegelate tyd voltooi. Die 30 minute vir oplaai is net bedoel om die antwoorde op te laai. Versuim om aan hierdie vereiste te voldoen, is 'n verbreking van die reëls vir assessering en sal volgens die toepaslike dissiplinêre prosedures vir studente hanteer word.

Deur hierdie noodindieningsroete te volg, het jy geen beroep ná die indiening nie. Verder geld die Senaat se reëls en geen gesprekke sal met die moduledosente, die fakulteit of SUNLearn-personeel gevoer word nie.

LET ASB OP: Eskom het die moontlikheid van beurtkrag aangekondig. Studente moet asb verseker dat jul elektroniese toestelle wat nodig is om assesserings in te dien, 100% gelaai is ter voorbereiding van

elke assessering. Jy kan dit ook oorweeg om jou selfoon as 'n kuberkol te gebruik indien jou internetverbinding weens beurtkrag buite werking is. Ongelukkig kan die US slegs versagende maatreëls tref vir situasies waaroor ons beheer het. Studente moet kennis neem van hul plaaslike beurtkragskedules en voorbereid wees vir assesserings.

Terugkeer na kampus vir alle studente

Sedert die begin van die staat van inperking beplan ons al vir moontlike scenario's ooreenstemmig die verskillende risikolakke. Dit is egter 'n groot uitdaging weens die gebrek aan spesifieke tydsraamwerke van die departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en gedetailleerde inligting, asook die onvoorspelbare aard van die pandemie.

Die 33% studente wat onder vlak 3 na die kampus kan terugkeer, kan binne die voorgeskrewe gesondheidsprotokols en riglyne gehuisves word weens die beperkte getalle en die relatiewe klein groepies vir praktiese sessies.

Dit mag egter nie die geval wees wanneer die risikolak na vlak 2 aangepas word en tot 66% van die studenteliggaam na die kampus mag terugkeer nie. Die huidige perk van slegs 50 studente per lesingsaal sal moeilik geïmplementeer kan word weens die beskikbaarheid van lokale en die semesterrooster. Weens die voorgeskrewe gesondheidsprotokols en beperkings, mag ons moontlik nie in 'n posisie wees om die hele 66% van studente terug te nooi na die kampus en terselfdertyd aan die riglyne vir sosiale afstandshepping te voldoen nie.

Modules wat ten volle aanlyn voltooi sal word in 2020

Ons het navrae ontvang oor die moontlikheid daarvan om die hele akademiese jaar aanlyn te voltooi, wat studente in staat sal stel om hul verblyf op Stellenbosch te kanselleer. Verder wil internasionale studente wat nie na Suid-Afrika mag reis nie, weet watter modules vir die res van die jaar aanlyn sal voortgaan. Ons akademiese personeel is gretig om na kontakonderrig terug te keer, maar weens die realiteite van die COVID-19-pandemie en die onsekerhede van die tydsraamwerk vir die verlaging van risikolakke, kan ons nie voorspel wanneer alle studente na ons kampusse sal mag terugkeer nie.

Ons fakulteite is besig om te bepaal watter modules vanjaar ten volle aanlyn voltooi sal kan word en jy sal binnekort 'n skrywe hieroor ontvang.

Geen permitte om huis toe te gaan vir die reses nie

Ons het versoeke ontvang om permitte aan studente uit te reik om vir die komende reses huis toe te kan gaan. Ons verstaan dat die afgelope weke van afsondering en wegwees van geliefdes moeilik was vir ons studente wat in US-koshuise agtergebly het. Ongelukkig mag die Universiteit nie sulke permitte uitreik nie. Volgens die voorskrifte wat deur die DHOO uitgereik is, mag die US slegs permitte/sertifikate aan studente uitreik vir 'n **eenmalige terugkeer** na kampus. Met die koers waarteen infeksies in Suid-Afrikaanse tans styg, word alle reis ten sterkste afgeraai.

Indien studente wat gekies het om in die koshuis te bly toe die staat van inperking aangekondig is, tydens die resestydperk huis toe gaan, sal hulle nie toegelaat word om na die kampus terug te keer nie, tensy hulle in die eerste 33%-kategorie van studente val wat teruggenooi is vir akademiese aktiwiteite, of wat aanvaar is om terug te keer weens hindernisse in tuisstudie.

Alle studente wat as deel van die eerste 33% na koshuise en private verblyf terugkeer, word daaraan herinner dat hulle vir sewe dae selfafsondering sal moet toepas voordat die tweede kwartaal op 27 Julie 'n aanvang neem.

Internasionale reisverbod

Alle internasionale passasiersvlugte is tans verbode, behalwe vir vlugte wat deur die minister van Vervoer goedgekeur word vir die repatriasie van Suid-Afrikaanse burgers uit die buiteland en die ontruiming van buitelanders uit Suid-Afrika (*Staatskoerant*, 30 Mei 2020, nr 43375).

Aanduidings is dat Internasionale Reis vir Sakedoeleindes eers onder vlak 1 hervat sal word. Daarom word die internasionale reisverbod wat op US-personeel en studente van toepassing is, tot **31 Oktober 2020** verleng of totdat daar 'n verandering in nasionale regulasies oor internasionale reis vir sakedoeleindes aangekondig word. Dit word dus aanbeveel dat personeel en studente nie vir enige oorsese konferensies vir die tweede semester moet registreer of hulself tot enige internasionale reis verbind nie totdat daar meer sekerheid is oor wanneer Suid-Afrika na vlak 1 gaan beweeg. Daar sal dus tydens die tweede semester geen befondsing van die US wees vir persoonlike mobiliteit vir studente nie.

Neem verantwoordelikheid en sorg vir ander

Daar word vir ons gesê dat die Wes-Kaap in die volgende drie tot vier weke sy piek in COVID-19-gevallen gaan bereik, met ander provinsies wat 'n paar weke agter is. Dit is dus nie nou die tyd om gerus te wees nie. Daar sal van terugkerende studente verwag word om 'n gedragskode te onderteken en aan gesondheidsprotokols en veiligheidsriglyne te voldoen.

Ek doen 'n beroep op ons studente om bedagsaam te wees in al ons kampusruimtes. Dra jou masker, ook wanneer jy jou koshuiskamer verlaat; pas fisieke afstandshepping maar sosiale samehorigheid toe; was gereeld jou hande of gebruik handreiniger; beperk sosiale kontak en gaan net uit indien dit regtig noodsaaklik is. Jy sal nie daarvan hou om aan risiko's blootgestel te word weens ander studente se onverantwoordelike gedrag nie – en net so hulle ook nie.

Alles van die beste vir ons studente wat aan die tweede assesseringsgeleentheid deelneem.

Pas julleself op en wees veilig.

Prof Arnold Schoonwinkel

Waarnemende voorsitter: Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting